



# Ligdraer

## Gereformeerde Kerk Ontdekkers

28 Oktober 2018

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

**Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by  
ons ontmoeting met die Here**

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur  
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit om na  
afloop van die erediens saam met  
ons 'n koppie tee/koffie  
in die saal te geniet.  
Kom kuier lekker saam  
en leer mekaar ken.



Kleuterbediening tydens oggenddiens:  
Al ons maatjies (3 - 7 jaar)



*Baie geluk aan almal  
wat hierdie week verjaar.  
Mag elke dag vir julle  
vol sonskyn wees!!*

### Bybelstudie:

#### Kerksaal:

Maandae 19H00 Tema: Judas

Woensdae 8H30 Tema: Psalm 119

Donderdae 9H00

#### Aan huis van Lucia Erasmus:

Dinsdae 9H00

**Jong volwassenes:** Evert & Cherése Kleynhans 084 799 1709

Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

**Skakel ons!**

011 672 3810



**Stuur e-pos!**

info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

**Besoek ons webbladsy**



**“LIKE” & “SHARE”**

Gereformeerde Kerk Ontdekkers



'n Spesiale welkom aan Teologiese student, Herman Coetzee, wat vanoggend en vanaand die eredienste sal lei. Ons bid hom die seën van die Here toe op sy pad vorentoe.

### Dink asseblief in julle gebede aan:

Frits Harkema wat die afgelope week in die hospitaal opgeneem is.

Elke lidmaat wat siek is.

Lidmate wat onder moeilike werkgewers werk en afleggings in die gesig staar.



### Neem kennis:

#### ✓ Pik en Proe ▶ ▶ ▶ Bring en Braai, 18 November

Die Pik en Proe geleentheid is uitgestel na volgende jaar. In plaas daarvan gaan ons wel 'n Bring en Braai geleentheid op Sondag 18 November 2018 na die oggenddiens hou. Daar sal pap en sous wees. Bring asseblief eie eetgerei, drinkgoed, vleise, bykosse en slaai, met so bietjie ekstra slaai dan deel ons met mekaar. Almal is baie welkom. Kom ons maak dit 'n lekker kuier geleentheid!

#### ✓ Alle werkende jongmense & studente

Ons beplan 'n heerlike #piekniek#kuier#lag, 16 November, by die huis van Evert & Cherése Kleynhans. Merk solank jou almanak vir daardie aand, want jy WIL nie teleurgesteld wees omdat jy nie daar was nie.

#### ✓ Medegelowiges, dit is met groot dank dat daar weer 'n bedrag van R 639.00 gebank kon word vir ons bydrae '**BLIKKIES VIR BYBELS**'. Dis verblydend om te sien hoe ons as gemeente ook hierdie saak ondersteun. Baie dankie. Maarten, 'n medegelowige in die GKO.

Wat jy het, kan ander ook kry, maar wie jy is, kan net **JY WEES!**

## **Brokkies:**

- ❖ **Gereformeerde Skool Wesrand** – vir elke goeie werk volkome toegerus. Open DV 20 Januarie 2020 – besoek hul webtuiste: <http://www.gswesrand.co.za/>
- ❖ **2019 Eerstejaars studente wat in PTA gaan studeer:** Kamp vanaf 21 – 25 Januarie. Skakel GK Brooklyn vir meer besonderhede: [www.gkbrooklyn.org.za/eerstejaarskamp-2019](http://www.gkbrooklyn.org.za/eerstejaarskamp-2019) of stuur e-pos aan: [juventus@gkbrooklyn.org.za](mailto:juventus@gkbrooklyn.org.za) of kontak: Daniël Viljoen – 079 882 7181
- ❖ **GK Potchefstroom die Bult AFSKOPKAMP 2019 vir alle eerstejaars** vanaf 7 – 11 Januarie te Manzini Lodge. R 950 /persoon. Bespreek aanlyn: <http://www.gkpotchbult.co.za/g5-bediening.html> of kontak: Willem: 082 854 3587 of Jaco: 062 552 5492 of facebook: @g5 of Instagram: @g5\_studente
- ❖ **Heerlike Hollandse lekkernye deur die Dutch Deli**  
Gevulde Speculaas R 90  
Botterkoeke R 90  
Stroopwafels R 75  
Oliebollen R 65 /dosyn  
Kroketten R 130 /dosyn  
Bitterballen R 95 /dosyn  
Daagliks beskikbaar: 1 gesonde bord kos teen R 60 /persoon  
The Dutch Deli in Roodepoort  
JC Cloete – 072 087 0932  
e-pos: [jccloete@hotmail.com](mailto:jccloete@hotmail.com)
- ❖ **Queenie** is 'n betroubare huiswerker wat vir Dins-, Woens-, en Saterdag werk soek, asook vanaf 9 November op Vrydae. Sy benodig elke dag R 27 vir vervoer. Skakel asseblief vir Queenie, 072 247 2410, indien jy kan help of van iemand weet wat 'n huiswerker benodig. Skakel mev. Kok vir verwysing, 011 672 3661

## **OGGENDDIENS**

**TEMA:** Christus, die Amen,  
het reeds oorwinning behaal,  
daarom behoort elke  
oorwinnaar in geloof te  
volhard

### **Stemmingsliedere**

Lied 513: 1 & 2  
Oorwinningslied: 1 & 2

### **Ontmoetingsdiens**

Votum / Seëngroet  
Lofsang: Ps. 33: 1 & 7  
Geloofsbelydenis

### **Versoeningsdiens**

Wet: Eksodus 20  
Ps. 84: 2

### **Woorddiens**

Gebed  
Ps. 24: 4  
Skriflesing: Openbaring 3: 14 - 22  
Sb. 5-3: 4 & 5

### **Antwoorddiens**

Gebed  
Sb. 2-4: 1 & 3  
Groetseën  
AMEN

## **AANDDIENS**

### **Stemmingsliedere**

Ps. 119: 1 & 7  
Lied 251: 2 & 3

### **Ontmoetingsdiens**

Votum & Seëngroet  
Lied 164: 1 & 2

### **Woorddiens**

Gebed  
Skriflesing: Efesiërs 6: 1 - 9  
Heidelbergse Kategismus  
Sondag 36  
Lied 203: 1 & 3

### **Antwoorddiens**

Gebed  
Lied 434: 1 & 2  
Groetseën  
AMEN



<b>DIAKONIE DIENSLYS OPLAAIBEURTE</b> 4 November 2018		
<b>Ons Huis</b>	Koos Richards	082 633 1200
	Petra Prozesky	083 226 8824
<b>D McDonald</b>	Koos Richards	082 633 1200
<b>Klein Helderkruin</b>	Elize Coetzee	072 490 5402
<b>Ons Huis</b>	<b>Middagdiens</b> 16h45	Antoinette van Niekerk

<b>DIAKONIE DIENSLYS OPLAAIBEURTE</b> 11 November 2018		
<b>Ons Huis</b>	Bettie Voges	072 424 5942
	Nardus van der Walt	082 453 3600
<b>D McDonald</b>	Nardus van der Walt	082 453 3600
<b>Klein Helderkruin</b>	Elize Coetzee	072 490 5402
<b>Ons Huis</b>	<b>Middagdiens</b> 16h45	Rein Coetzee

Wanneer ons die deur vir die sonde oopmaak, dan vat sonde ons altyd dieper in as wat onself bereid was om in te gaan, dit hou ons vir langer binne as wat ons beplan het om te bly en dit kos ons altyd baie meer as wat ons gedink het dit ons gaan kos. (Erwin W. Lutzer)

## KERSFEES UITVERKOPING

Doppeerdagboeke vir slegs R 20 elk (Posgeld uitgesluit)

Marlize Rossouw  
marlize@fonteinuitgewery.co.za

Indien daar lidmate is wat belangstel kan ons die bestelling saam plaas, want ek gaan vir myself een bestel. Plaas bestellings so gou moontlik by die kerkkantoor.

## **Gebedsleiding Week 44**

Welgeluksalig is die wat sy getuienisse bewaar, Hom van ganser harte soek; ook geen ongeregtheid doen nie, maar in sy weë wandel.

U het u bevele gegee om dit trou te onderhou.

Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!

Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie.

Ek sal U van harte in opregtheid loof as ek u regverdige verordeninge leer.

(Psalm 119: 1 – 7)

Uiteindelik is ek self verantwoordelik.

Uiteindelik is u ook verantwoordelik.

Elkeen van ons. Hoe maklik kan ons nie ander blameer vir ons handelswyse nie?

Ons sê dalk “Ek kon myself nie help nie, iemand moes hom op sy plek sit” of

“Ek is net ’n mens, ek kan dit nie help nie.”

Geliefdes, as ’n mens ’n kind van God is, kan jy dit altyd help.

Die Heilige Gees is altyd daar om ons by te staan.

“HERE, ek roep U aan; kom tog gou na my toe; luister na my stem as ek U aanroep.

Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer. HERE, stel ’n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe. Neig my hart nie tot iets wat sleg is, om in goddeloosheid dinge te doen saam met manne wat ongeregtheid werk nie; en laat my van hulle lekkernye nie eet nie. Laat die regverdige my met liefde slaan en my tugtig.” (Ps. 141) Laat my gebed soos die gebed van Dawid opreg in my lewe wees. Staan my by om my naaste lief te hê en U met my hele hart en verstand te dien. Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys. Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef. Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe as ek aan U dink op my bed, in die nagwake oor U peins.

Want U was ’n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel. My siel is aan U verkleef; u regterhand ondersteun my. (Ps. 63)

Die toestand van 'n gemeente (ook vir 'n gelowige) kan baie akkuraat bepaal word deur sy gebede. Ons kan sê dat ons bereidheid en gewilligheid om te bid 'n tipe van "genade-meter" is wat baie duidelik aandui tot watter mate God in 'n gemeente werksaam is. Wanneer God naby aan 'n gemeente is, sal die lidmate op hulle knieë wees. Die eerste teken van sy afwesigheid sal gesien word in hulle afgewaterde gebede. (CH Spurgeon)

### **Gereformeerde Kerk Innesdal vier hul 80 – Jarige Fees**

“... uit sy volheid het ons ontvang, ja, genade op genade.” Johannes 1: 16  
Hulle nooi almal na die fees naweek van 16 – 18 November 2018 uit, maar RSVP asseblief voor 5 November 2018. Die feesprogram is in die kerkkantoor beskikbaar sou jy belangstel om die geleentheid by te woon.

### **Dit kos altyd meer, maar dis die regte roete** - deur Stephan Joubert


As jy die evangelie gesnap het dan betaal jy altyd meer in enige verhouding in as wat jy hieruit onttrek. Anders gesê- jy gee altyd meer van jousef as wat jy ontvang. Sonder hierdie ingesteldheid van Christus gaan mense jousef gedurig teleurstel. Dan gaan jy altyd verhoudings meet aan daardie goor vraag: “what's in it for me?” Wel, op die roete van Christus is daar nie so 'n opsie nie. Hier is die vraag alleen maar hoeveel jy belê in ander, ten spyte van hulle reaksies. Hier is jou 'beloning' nooit ander se gunstige reaksies nie, maar die wete dat jy op God se pad stap waar jy nie langer die sentrum van die aandag is nie. Of dat almal jou op die hande moet dra nie. As jy nie meer groot teenprestasies van mense verwag nie, word jy nie maklik teleurgestel nie. Dan kan mense jou verras. Dan is elke mooi ding wat hulle doen 'n vreugde, en elke teken van dankbaarheid 'n onverdiende hemelse geskenk. Maar dan hou jy nie op om te doen wat reg is as hulle ondankbaar of ongeskik met jou is nie. Want jy volg in die voetspore van Christus wat selfs sy vyande liefhet. Hy is jou enigste telbord, nie ander mense nie.

## BORRELBEKKIES

Aan die einde van elke gebed sê ons altyd: " \_ \_ \_ \_".

Die woordjie "amen" beteken dat iets is WAAR EN SEKER. Ek hoef nie te wonder of God na my gebed gaan luister of nie. Met die woordjie "amen" glo ek vas en seker dat God na my gebed luister en dat Hy dit volgens sy wil sal beantwoord.

In die Nuwe-Testament gebruik Jesus ook die woord amen. Wanneer Jesus 'n belangrike belofte aan ons gemaak het, het Hy dit ingelei met "Amen, amen...". Ons vertalers het dit vertaal met "Dit verseker ek julle..." (Johannes 5:19 & 24). Net Jesus Christus se woorde is heeltetal vas en seker. In die gedeelte waarna ons vanoggend gaan luister, stel Jesus Homself voor as die "die Amen, die geloofwaardige en ware getuie" Openbaring 3: 14.



In Openbaring 3:21 maak Jesus die belofte: "Elkeen wat die \_\_\_\_\_ behaal sal Ek saam met My op die \_\_\_\_\_ laat sit".

Luister na Herman se preek en beantwoord die volgende vrae:

Waar het Jesus die groot oorwinning in ons

plek behaal? \_\_\_\_\_

Wie is die oorwinnaars? \_\_\_\_\_

Wie mag saam met 'n koning op sy troon sit? \_\_\_\_\_